

# Lentetee

'n Tee is die geleentheid om te wys wat die definisie van vrouwees is. Na 'n verwelkoming gedoen deur Hoërskool Heilbron se hoofmeisie, Megan Strydom, het almal dadelik tuis gevoel by die Lentetee van 2019.

Hierdie is 'n jaarlikse gebeurtenis gehou deur Hoërskool Heilbron se matriekmeisies - hierdie jaar op 5 September 2019.

Danksy matriekmamma's en die skool se juffrouens is die dag moontlik gemaak en Simoné Nortman, nou bekend as Pretorius, het opgetree as spreker. Sy het 'n paar feite oor haarself gedeel en haar lewensverhaal vertel. Simoné erken sy kan egter nie 'n plant lewendig hou nie, het haar lewe lank muisneste en noem dit "dromers-disease" en is getroud op 23 Februarie 2019.

Sy was oorspronklik 'n teologie student en het later opgeskop om in rolspel in te gaan, maar deel steeds haar liefde vir die Here met mense. Almal se aandag was vasgevang met haar lewensverhaal en die vertel van Geestelike seisoene en dit sal gaste vir lank nog bybly.

Tydens 'n pouse geleentheid het almal koek en tee geniet met verskeie ander peuselhapies en mekaar se geselskap. Na pouse het almal weer hulle plekke ingeneem om elke matriekmeisie se rok van naby te aanskou. Elkeen was vergesel deur die MK seuns en hulle gunsteling lewens 'quote'.

Met trane in baie se oë is die dag afgesluit met elke matriekmeisie wat 'n roos, of meer, aan hulle geliefde vrouens in hul lewens gegee het. Met 'n groot handeklap na die tyd kan jy verseker wees jy't uitgemis indien jy nie die dag bygewoon het nie.

Heilbronners sien uit na dit wat Hoërskool Heilbron vir hulle volgende jaar mee gaan verras.



Op die foto regs: Simoné (Nortman) Pretorius

## Hoof se das weer geknip



Die hoof van Hoërskool Heilbron, mnr Peter Smith, se dasse is aan die min word. Mnr Smith moes verlede Donderdag tydens die tradisionele Dasaand weer buk vir die MK seuns wat elke jaar op kreatiewe manier van sy das ontslae raak. Vanjaar was hulle "Dokters" en is sy das met 'n valbyl gesny. Om tot die aand se vermaak by te dra was die bekende akteur en komediant, Schalk Bezuidenhout, die gaskuntenaar. Op die foto vl: Sarel Mouton, Johan van der Westhuizen, Corjan Roos, mnr Peter Smith, Mike Henn en Pula Fox.

## Phitsana achieved



Motaung Hlohonolofatso competed Provincial in Bloemfontein for spelling bee with his teacher, Me N Moloantoa. He obtained a medal and Phitsana is proud of this boy.



Phitsana also took part in Provincial Mental Maths, Daniel Makala and his teacher, Me EM Morake was there. He obtained a certificate and maths dictionary.

## Skool reünie - 19 Oktober

Die komitee van JC Class 1977 Junior Sertifikaat noui elke leerling uit wat in genoemde jaar by Phiritona Sekondêre skool klaargemaak het om deel te wees van 'n reünie. Hulle het 42 jaar terug hulle skoolloopbaan voltooi en het besluit om op 19 Oktober 2019 'n feesviering te hou.

Alhoewel baie van die leerlinge wyle en gestremd is, word die reünie gehou om te onderhandel oor die toekoms in terme van kriminele oortre-

dings, mishandeling en straatboewery. Die koördineerders vra met eerlikheid en respek vir ondersteuning en hulp en moontlike borge om hierdie reünie te kan hanteer.

Kontak vir Ben Poho by 072 337 5678 of 078 640 4075 of Thoko Kumalo by 073 220 1398 vir meer inligting.

**Bank**  
**Besonderhede:**  
Verw: JC Students  
Class of 1977  
Rekening Nr.:  
798703911

Standard Bank



## HNR Afslaers bied met ALGEHELE UITVERKOPINGSVEILING namens De Vrege erfgename Saterdag 19 Oktober 2019 om 10:00 - Plaas HELDERWATER Heilbron

**REWOLWER:** Taurus 357 rewolwer. **MOTORFIETSE:** Kazuma Falcon 90cc 4 wiel; Spyder 150 cc; BSI 2 stroke 100cc. **PONIES:** ponies - 2 hingste en 3 merries. **SKAPE:** 50 groot ooie - 26 jong ooie - 26 lammers - 1 ram. **IMPLEMENTE:** Roller (fynsaad), Ripper, 20 skottel tandem dis, kunsmisstrooier, landrollers (kluit), 4 ry Massey Ferguson planter, saadmenger 250kg, elektriese hammermeul 3 fase, kluitroller in raam, 4m tefsaaiër; onkruidspuit met PTO pomp. **PLAASTOERUSTING:** windpomp toring, 3T dubbelas beeswa, kalf grootmaak hokke, voerbakke, kuilvoerwaentjie, 5kw elektriese motor, outydse sleepskrop, tenk staander, selfvoerder, wolperse meganies, treksae verskillende groottes, voerringe. **ALLERLEI:** Isuzu rame, Mazda LWB canopy - Kangaroo 2001 model; staal wasbak, spaanse venster diefwering, dieseltenk staander, bakkies (pote) vir tafels, voël hokkies, plat plaat arches; garagedeur, melkvakuumpompe; ens. **KAMPTOERUSTING:** visvang staander, kano, stretcher, en vele meer.

*Nog heelwat items word verwag op veiling.*

**TERME:** Slegs Kontant, EFT op terrein. Kaartfasiliteite is beskikbaar. Geen item sal verwyder word voor ten volle vereffen is nie.

1. Volledige voorwaardes by veiling beskikbaar 2. 10% Koperskommissie op los bates betaalbaar.  
**NAVRAE EN BESIGTING KONTAK:** Samuel Brayshaw 084 603 3853; Dolf Visagie 082 676 7999.

HNR AFSLAERS  
vir fotos



**ROETEAANWYSINGS:** GPS koördinate 27.127749, 28.070342

Vanaf Deneyville volg die Heilbronpad (R 716) vir 30 km. Draai links. Volg plaaspad tot by veiling. Vanaf Heilbron volg Sasolburgpad (R 57) vir 14 km. Draai regs by Weltevrede Leeuplaas. Volg pad vir 9.6 km tot by T-aansluiting. Draai links op R716. Ry vir 400m en draai regs. Volg plaaspad tot by veiling. Vanaf Sasolburg ry op Heilbron pad (R 57) vir 34 km tot by Weltevrede Leeuplaas afdraai. Draai links. Volg pad vir 9.6 km tot by T-aansluiting. Draai links op R716. Ry vir 400m en draai regs. Volg plaaspad tot by veiling.